# HOOFSTUK 5

# EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE PLEK EN TAAK VAN DIE ONDERWYSKOLLEGE IN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die keuse en ontwerp van 'n meetinstrument aan die hand waarvan die menings van belanghebbendes en kundiges ten opsigte van scenario's insake die rol van onderwyskolleges ingewin kan word. Die vraelys as meetinstrument word van nader ondersoek en beskryf ook ten opsigte van die voordele en nadele daarvan.

Die teikengroep aan wie die vraelys gestuur is, die reaksie van die respondente en die statistiese tegnieke wat gebruik is om die ingesamelde data te ontleed, word beskryf. Enkele belangwekkende opmerkings van die kant van die respondente sal ook uitgelig word.

## 5.2 NAVORSINGSONTWERP

Na afloop van omvattende literatuurstudie is 'n empiriese ondersoek van stapel gestuur. Inligting wat uit sodanige literatuurstudie verkry is, is aangewend om 'n posvraelys op te stel. Die doel met die empiriese ondersoek is om die menings van kundiges op die terrein van onderwysersopleiding en instansies wat by onderwysersopleiding belang het, meer spesifiek in verband met die plek en taak van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, in te win.

### 5.2.1 Die meetinstrument

Slavin (1984:83) en De Wet *et al.* (1981:161-164) noem die volgende tegnieke waarmee data tydens 'n empiriese ondersoek ingesamel kan word:

* Gestandaardiseerde toetse.
* Die vraelys.
* Die onderhoud.
* Sosiometriese tegnieke.
* Die Q-tegniek.
* Gedragswaarneming.

Van bogenoemde metodes om data in te samel, was die posvraelys die mees toepaslike vir die doeleindes van hierdie navorsing, om redes wat in die volgende paragraaf sal blyk.

#### 5.2.1.1 Die posvraelys

Soos die naam aandui, is die posvraelys 'n meetinstrument wat per pos aan die respondent versend word, waardeur vrae skriftelik gevra, en beantwoord moet word. Volgens Smit (1988:58) is dit anders as in die geval van die onderhoud, want die navorser en die respondent is fisies van mekaar verwyder, en die vraelys is die enigste medium van kommunikasie. De Wet *et al.* (1981:163) beweer in dié verband dat gestandaardiseerde instruksies verskaf word sodat elke proefpersoon weet wat van hom of haar verwag word. Borg en Gall (1979:292) is van mening dat suksesvolle vraelysimplementering begin met die daarstel van duidelike doelstellings met sodanige vraelys. In die onderhawige geval is die doel om, soos reeds genoem, menings in te win. Sidhu (1987:236) verwys in dié geval na die meetinstrument as 'n sogenaamde "*oppinionnaire*" aan die hand waarvan 'n meningsopname gedoen kan word. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word volstaan met die konvensionele benaming van die meetinstrument as 'n posvraelys, aangesien Sidhu (*Ibid.*) self beweer dat daar in die geval van 'n meningsopname mondelinge

kontak (hetsy telefonies of persoonlik) tussen navorser en respondent voorkom: "Opinion polls ... generally rely on personal contact rather than mail ballots".

Daar kan by die posvraelys onderskei word tussen 'n gestruktureerde en oop (of ongestruktureerde) formaat (Vockell, 1983:82). In die geval van die gestruktureerde vraelys word gebruik gemaak van voorafopgestelde antwoorde wat saam met vrae verskaf word. 'n Multikeusebeginsel word dus gevolg en die respondent ken 'n waarde toe of oefen 'n keuse tussen gegewe alternatiewe antwoorde uit (De Wet *et al.*, 1981:163).

### 5.2.1.2 Voordele van die gestruktureerde posvraelys

(Sidhu, 1987:138; De Wet *et al.*, 1981:163 en Smit, 1988:59-62):

* Dit is ekonomies om te gebruik, naamlik vir die navorser om te versend en vir die respondent ten opsigte van tyd, inset en koste.

* Kontak met 'n uiteenlopende teikengroep oor geografiese en kultuurverskille heen is moontlik. 'n Groot aantal respondente kan ook binne 'n kort tyd bereik word.

* Dit is relatief eenvoudig om te beplan, saam te stel en te administreer. Laasgenoemde kan selfs deur iemand anders as die opsteller/navorser onderneem word.

* Die anonimiteit van die respondent kan, indien nodig, verseker word aangesien sy besonderhede vir die navorser onbekend kan bly.

* Daar word geen druk op die respondent uitgeoefen om dadelik te antwoord nie. Die vraelys kan op 'n tyd voltooi word wat vir die respondent gerieflik is en die nodige tyd word gegun om die verlangde inligting in te win. "He can answer it at leisure

whereas interview/observation demands specific fixation of time and situation". (Sidhu, 1987:138.)

* Aangesien van 'n skriftelike formaat en gestandaardiseerde instruksies gebruik gemaak word, word eenvormigheid verseker waardeur verwerking en verslagdoening vergemaklik word.

### 5.2.1.3 Nadele van die gestruktureerde posvraelys

Die gestruktureerde vraelys as meetinstrument het ook bepaalde beperkings, waaronder die volgende genoem kan word (Sidhu, 1987:139; De Wet *et al.*, 1981:163 en Smit, 1988:62-66.):

* Die moontlikheid bestaan dat vrae nie korrek geïnterpreteer kan word nie of dat response onvolledig gegee word. Tydens 'n onderhoud kan vrae herhaal word of andersom gestel word.

* Onder lede van die nieresponsgroep kan beduidende menings verlore gaan. Persone uit die teikengroep vir wie die veld van navorsing 'n leemte in sy mondering verteenwoordig, verkies dikwels om nie te reageer nie. Sodanige response kon die empiriese ondersoek beïnvloed het.

* Respondente kan ook gedwing word om antwoorde te kies wat nie vir hulle bevredigend is nie.

* Oorgebruik van vraelyste deur baie navorsers kan tot vraelysmoegheid by respondente lei. 'n Goed bewoorde dekkingsbrief om die aktualiteit van die navorsing te beklemtoon, kan die gemotiveerdheid van die respondente verhoog.

* Aangesien 'n vraelys 'n rigiede struktuur het, kan dit nie doeltreffend aangewend word om vraagstukke van emosionele of sentimentele aard op te klaar nie, veral in die geval van die gestruktureerde vraelys. "It is only through interview that the

investigator can dig out the subjects feelings" (Sidhu, 1987:139).

* Sommige navorsingsgebiede is so ingewikkeld, delikaat of vertroulik dat dit moeilik is om geldige en betroubare vrae in dié verband te formuleer. Daarbenewens het respondente dikwels die behoefte om met die navorser kontak te maak, aangesien die posvraelys onpersoonlik is.

* Aanvanklike antwoorde kan verstel word sodra die respondent agterkom dat moontlike weerspreking voorkom. Waarheid en betroubaarheid van response word dan ingeboet.

* 'n Ongeletterde teikengroep of sommige groepe kinders, kan nie met 'n vraelys bereik word nie.

* Die lengte van die vraelys is dikwels 'n faktor wat responsie verlaag.

* Name en adresse van respondente moet op datum wees om vraelyste met sukses te kan uitstuur.

### 5.2.2 Vraelyskonstruksie

Daar is gebruik gemaak van 'n dekkingsbrief wat die vraelyste vergesel het. In ooreenstemming met die riglyne, soos deur Borg en Gall (1979:302) verskaf, is daar eerstens gepoog om aan die respondent goeie redes te gee om die vraelys te voltooi en terug te stuur. Die doel en betekenis van die navorsing is kortliks uiteengesit, agting vir die respondent se kundigheid op die terrein is uitgespreek en laastens is die vriendelike versoek gerig om die vraelys teen 'n bepaalde datum in 'n ingeslote gefrankeerde en selfgeadresseerde koevert terug te stuur.

Die vraelys bestaan uit drie afdelings of hoof-konstrukte, wat telkens met duidelike instruksies ingelei word en soos volg ingedeel is:

**Afdeling A**
**Biografiese besonderhede**

Die enigste doel met hierdie afdeling (vrae 1.1 tot 1.7) was om vas te stel watter posisie die respondent binne die organisasie beklee, aangesien die populasie van hierdie navorsing verskeie sektore van kundiges en belanghebbendes uit die onderwysgemeenskap verteenwoordig. (Vergelyk paragraaf 5.2.4 in verband met die populasie.)

**Afdeling B**

Hierdie afdeling strek vanaf vraag 2 tot 21, verteenwoordig aangeleenthede in verband met die plek en taak van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel en is opgestel op grond van die literatuurstudie wat in hoofstukke twee, drie en vier onderneem is. Vraag 2 tot 13 verteenwoordig vrae wat spesifiek op die strategiese beplanningsraamwerk betrekking het, en kan soos volg ingedeel word:

| | |
|---|---|
| Vraag 2 en 3 | - visie en waardestelsel; |
| Vraag 4 | - doelstellings; |
| Vraag 5 en 6 | - beleid en beheer; |
| Vraag 7 | - determinante; |
| Vraag 8 | - finansiering; |
| Vraag 9 | - teikengroep; |
| Vraag 10 tot 13 | - SWOT-analise, naamlik |

vraag 10 - sterk punte,
vraag 11 - swak punte,
vraag 12 - geleenthede en
vraag 13 - bedreigings.

Vraag 14 handel pertinent oor die voortbestaan en vrae 15 tot 21 oor algemene aspekte van onderwyskolleges.

**Afdeling C**

Dit is die laaste deel van die vraelys en is slegs op bepaalde onderwyskundige inligting van onderwyskolleges, wat nie geredelik in literatuur beskikbaar is nie, ingestel.

### 5.2.3 Loodsondersoek

'n Voorlopige vraelys is opgestel en aan ses persone, wat die verskillende sektore van die populasie verteenwoordig, vir voltooing gegee. Die loodsondersoekrespondente is vooraf versoek om enige probleme of onduidelikhede na afloop van die invul van die loodsvraelys met die navorser te bespreek. Hieruit het die volgende geblyk:

* die vraelys het gemiddeld 20 minute geneem om te voltooi;
* daar was geen onduidelikhede oor die instruksies of die vrae nie;
* een respondent was van mening dat sommige aspekte in afdeling B té dikwels aangespreek word, maar het na gesprekvoering saamgestem dat dit 'n handige kruiskontrole-maatreël is.

Nadat die nodige verstellings gedoen is, is die finale vraelys daargestel. (Vergelyk bylaag 2.)

### 5.2.4 Populasie

In hierdie navorsing is nie 'n steekproef uit die populasie gemaak nie. (Vergelyk ook paragraaf 1.4.2.2.) Die respondente is dus persone geneem uit verskeie groepe kundiges op die terrein van onderwysersopleiding en belanghebbendes soos onderwys=woordvoerders van politieke partye wat volgens die metode van historiese gewig, byvoorbeeld ondervinding, posisie en

betrokkenheid, gekies is. Die loodsgroep, soos dit bo uiteengesit is, is nie as deel van die populasie beskou nie.

Daar is 'n totaal van 76 vraelyste aan lede van die verskillende sektore van bogenoemde populasie uitgestuur, naamlik:

* Rektore van onderwyskolleges onder beheer van al vier die voormalige staatsdepartemente verantwoordelik vir onderwys binne die grense van die RSA waar die selfregerende gebiede en die nasionale state dus uitgesluit is. Dié vier departemente is die volgende:
    - Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad,
    - Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers,
    - Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes, en
    - Departement van Onderwys en Opleiding.
* Dekane van Opvoedkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite.
* Direkteure of assistentdirekteure van onderwys gemoeid met onderwysersopleiding aan die verskillende onderwysdepartemente.
* Onderwyswoordvoerders van sewe politieke partye.
* Uitvoerende direkteure of sekretarisse van onderwysersverenigings.

**TABEL 5.1**
**Vraelyste uitgestuur en terugontvang**

| | UIT | TERUG | % |
|---|---|---|---|
| Rektore van onderwyskolleges | 36 | 31 | 86,1 |
| Dekane van opvoedkunde | 17 | 14 | 82,3 |
| Direkteure | 7 | 6 | 85,7 |
| Onderwysersverenigings | 7 | 4 | 57,1 |
| Onderwyswoordvoerders | 9 | 8 | 88,8 |
| **TOTAAL** | **76** | **63** | **82,9** |

'n Totaal van 76 vraelyste is uitgestuur. Die koers van 85,1% vraelyste wat terugontvang is, dui op 'n positiewe gesindheid by respondente en belangstelling in die navorsing. Sommige van die respondente het verdere belangstelling getoon deur skriftelike kommentaar en aanmoediging of posversending van addisionele toepaslike artikels en fotostate van publikasies.

In die lig van Landman (1980:112) se bevinding dat 'n responskoers van minstens 70% vereis word alvorens op betroubaarheid aanspraak gemaak kan word, kan die resultate van hierdie ondersoek dus as geldig beskou word.

### 5.2.5 Statistiese tegniek

Nadat die data terugontvang en gekontroleer is, is die data op die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingesleutel. Die gestoorde data is uitgedruk en teenoor die vraelyste gekontroleer. Met behulp van die SAS-program (SAS, 1985) is die frekwensies van die vrae bereken en tweerigtingfrekwensies uitgedruk.

## 5.3 INTERPRETASIE VAN DATA

Afdeling A van die vraelys verteenwoordig slegs die biografiese besonderhede van respondente. Klassifisering en responskoers van hierdie gedeelte van die populasie is reeds in tabel 5.1 gegee.

Afdeling B van die vraelys strek vanaf vraag 2 tot en met vraag 21 en word vervolgens vraag vir vraag behandel. Elke vraag is egter van etlike afleiers voorsien, ten opsigte waarvan die respondent ook 'n keuse tussen vier alternatiewe moes uitoefen. Vir die doeleindes van interpretasie word slegs die eerste een, naamlik "Stem gladnie saam nie", as die enigste negatiewe respons beskou. Die tweede keuse, naamlik "Onseker" kan nie deurgaans as 'n negatiewe respons geneem word nie, en word om daardie rede buite rekening gelaat. Wat die eerste twee response betref, naamlik "Stem in 'n mate saam" en "Stem beslis saam" kan daar geen twyfel bestaan nie en word beide as positiewe response beskou.

### 5.3.1 Tabelkonstruksie

Die statistiese ontleding van die response op elke vraag se afleiers sal eerstens, in terme van die frekwensie daarvan sowel as die persentasie wat dit van die geheel uitmaak, gegee word. Direk daarna sal die statistiese data geïnterpreteer word voordat die volgende vraag behandel word.

Die populasie wat in hierdie ondersoek gebruik is, is egter baie uiteenlopend in dié sin dat dit 'n wye veskeidenheid respondente oor 'n breë spektrum belangegroepe of menings uit die samelewing verteenwoordig. Sodanige verskillende belangegroepe het dan ook by sommige vrae baie uiteenlopend geantwoord. Om dus by daardie betrokke vrae slegs aan te dui dat 'n sekere persentasie van die respondente 'n bepaalde keuse uitgeoefen het, sou nie voldoende wees nie. Daarom is dit sinvol om by dié vrae waar die bydrae van die verskillende groepe respondente (of sektore van die populasie) beduidend van mekaar verskil het, sodanige verskille ook aan te dui

deur die *globale* respons verder te analiseer in persentasies per respons*groep*. Sodanige analise word gedoen in die vorm van addisionele tabelle by daardie betrokke vrae.

Op die vraelys, soos aan respondente uitgestuur (bylaag 2), is aan die einde van elke vraag voorsiening gemaak vir opmerkings deur respondente. Die belangrikste en sinvolste van hierdie opmerkings deur respondente sal telkens genoem of direk aangehaal word onder die opskrif "Verdere opmerkings deur respondente". Omdat die nulresponse ook weergegee word, word daar nie 'n totaal aangedui nie, aangesien dit telkens 63 (totale aantal response) of 100% sal wees.

Tabelle word dwars gedruk en beslaan elk 'n afsonderlike bladsy. Ten einde egter slegs een bladsy per vraag in beslag te neem, is die vrae in hierdie tabelle nie volledig (presies soos in die vraelys) weergegee nie, maar slegs in telegramstyl. Vir die volledige formulering van die vrae kan die oorspronklike vraelys in bylaag B geraadpleeg word.

Vraag 1 het bloot die vasstelling van die respondent se biografiese en identifiserende besonderhede bevat, sonder om persoonlike identiteit te verraai. (Vergelyk paragraaf 5.2.2.)

TABEL 5.2

WAARDESTELSEL: 'n Onderwyskollege behoort

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 2.1 waardevry te wees, | 7 | 11,1 | 45 | 71,4 | 1 | 1,6 | 3 | 4,8 | 7 | 11,1 |
| 2.2 differensiasie toe te laat, | 2 | 3,2 | 5 | 7,8 | 3 | 4,8 | 27 | 42,9 | 26 | 41,3 |
| 2.3 slegs een lewensbeskouing toe te laat, of | 5 | 7,8 | 42 | 66,8 | 9 | 14,3 | 3 | 4,8 | 4 | 6,3 |
| 2.4 slegs die Christelike lewensbeskouing toe te laat. | 6 | 9,5 | 36 | 57,8 | 5 | 7,9 | 8 | 12,7 | 8 | 12,7 |

### 5.3.2 Die waardestelsel aan 'n onderwyskollege

Alhoewel 'n beduidende getal respondente (11,1%) geen reaksie by vraag 2.1 getoon het nie, was die oorweldigende meerderheid (71,4%) tog van mening dat 'n onderwyskollege nie waardevry behoort te wees nie. 84,2% respondente het hulle ten gunste van differensiasie ten opsigte van die lewensbeskoulike uitgespreek (vraag 2.2) en meer as die helfte het ook glad nie met die toelating van slegs één lewensbeskouing of slégs die Christelike lewensbeskouing (vraag 2.3 en 2.4) saamgestem nie.

Die algemene reaksie onder die respondente was dus dat onderwyskolleges nie waardevry behoort te wees nie, maar tegelykertyd word die mening gehuldig dat 'n verskeidenheid waardestelsels toegelaat behoort te word. Hieruit blyk 'n algemene opvatting dat 'n verskeidenheid lewens- en wêreldbeskouings aan een instansie toegelaat behoort te word.

Die bevinding stem ooreen met die praktyk in die buitelandse onderwysstelsels wat bespreek is (vergelyk paragraaf 3.9.1), naamlik dat onderwysersopleiding waardebepaald is, maar verskil van die praktyk wat tot op hierdie stadium in Suid-Afrika aanvaar is, naamlik dat verskillende lewensbeskouings nie eksplisiet toegelaat is nie. (Vergelyk paragraaf 4.4.)

**TABEL 5.3**

**VISIE: 'n Onderwyskollege**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 3.1 is 'n bestuursselfstandige instansie en vervul 'n toonaangewende rol in die streek om gehalte onderwysers op te lei; | 4 | 6,3 | 0 | 0 | 3 | 4,8 | 23 | 36,5 | 33 | 52,4 |
| 3.2 lei onderwysers vir formele onderwys op, maar lewer diens aan die gemeenskap deur nie-formele onderwysaksies; | 4 | 6,3 | 0 | 0 | 2 | 3,2 | 30 | 47,6 | 27 | 42,9 |
| 3.3 lei eerstens onderwysers vir hul onderwystaak op, maar tweedens ook vir gemeenskapsaktiwiteite; | 3 | 4,8 | 0 | 0 | 1 | 1,6 | 20 | 31,7 | 39 | 61,9 |
| 3.4 verskaf onderwysersopleiding in samewerking met ander tersiêre instansies; | 2 | 3,2 | 2 | 3,2 | 9 | 14,3 | 18 | 28,5 | 32 | 50,8 |
| 3.5 behoort volledig te sluit. | 4 | 6,3 | 47 | 74,7 | 5 | 7,9 | 6 | 9,5 | 1 | 1,6 |

### 5.3.3 'n Visie van 'n onderwyskollege

Ten opsigte van die eerste drie vrae is die eenstemmigheid by alle respondente redelik ooglopend. 'n Min of meer gelyke persentasie (88-90%) vereenselwig hulle met die gehalte opleiding van onderwysers en gemeenskapsdiens as die belangrikste elemente van die visie van 'n onderwyskollege. Nog 'n groter meerderheid (93,6%) steun die gedagte dat opleiding in buitemuurse aktiwiteite onderwysers beter bekwaam om gemeenskapsbetrokke te wees. (Vergelyk vraag 3.3.) Wat vraag 3.4 betref, is daar duidelike steun vir samewerking met ander tersiêre instansies soos blyk uit die totaal van positiewe response (79,4%). Die algehele sluiting van onderwyskolleges en die oorname daarvan deur ander tersiêre instansies word grootliks deur alle sektore verwerp.

Die vraag en afleiers is só gekonstrueer dat dit aan die vereistes van visiestelling voldoen. (Vergelyk paragraaf 2.4.1.1.) Ten opsigte van die kwaliteit diens wat gelewer moet word, blyk dit dat, benewens onderwysersopleiding, dit redelik algemeen aanvaar word dat onderwyskolleges ook deur middel van onderwysaksies, aan die gemeenskap diens behoort te lewer. Die klem wat op onderwysersopleiding geplaas word, is tipies van onderwysersopleiding in ander lande (vergelyk paragraaf 3.9.1 en 3.9.4) en tans in Suid-Afrika. Die klem wat egter volgens die respondente ook op onderwysaksies in die gemeenskap geplaas moet word, is egter nie tipies van die taak van die onderwyskollege in Suid-Afrika óf in ander lande nie. Dié uitspraak kan egter verklaar word vanuit die huidige politieke tendens waar die ontwikkeling van die gemeenskap 'n hoë prioriteit geniet. (Vergelyk paragraaf 4.5.3 en 4.5.4.)

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

"Colleges of Education should do **all** teacher training. "Daar is ook aan die hand gedoen dat die vraagstuk van professionele vorming of skoling ook tot die voorgestelde visies toegevoeg word. In verband met nieformele onderwysdiens aan die gemeenskap, stel een

respondent dit só: "A College of Education is a institution with a more or less singular vision - that of teacher training!"

### 5.3.4 Doelstellings van onderwyskolleges

(Tabel op volgende bladsy)

Doelstellings wat eenstemmig deur die respondente as belangrik vir 'n onderwyskollege beskou word, is beroepsgerigte opleiding (vraag 4.1 - 96,8%) en opleiding vir die leiersrol wat onderwysers soms in die gemeeskap moet speel. (Vergelyk vraag 4.3 - 82,6%.) Geen van die doelstellings, het oorwegend negatiewe response ontlok nie. (Vergelyk response by 4.1 tot 4.7 in bogenoemde tabel.) Selfs 'n ontleding van response per sektor van die respondente toon 'n groot mate van eenstemmigheid. Benewens die eerste twee doelstellings waarvan die persentasies reeds gegee is, blyk die volgende volgorde van doelstellings soos dit aan die response gemeet is:

| | |
|---|---|
| doelstelling 3: | om indiensopleiding aan ondergekwalifiseerde onderwysers te verskaf - 82,5%; |
| doelstelling 4: | om multikulturele opleiding van onderwysstudente vir gemengde skole te verskaf - 78,1%; |
| doelstelling 5: | om ook as onderwyshulpsentrum te dien - 74,6%; |
| doelstelling 6: | om as gemeenskapskollege te dien - 69,9%; |
| doelstelling 7: | om studente ten opsigte van buitemuurse verantwoordelikhede toe te rus - 68,3%. |

doelstelling 6: om as gemeenskapskollege te dien - 69,9%;
doelstelling 7: om studente ten opsigte van buitemuurse verantwoordelikhede toe te rus - 68,3%.

**TABEL 5.4**
**ONDERWYSKOLLEGEDOELSTELLINGS behoort te wees**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 4.1 beroepsgerigte onderwysersopleiding; | 1 | 1,6 | 0 | 0 | 1 | 1,6 | 16 | 25,4 | 45 | 71.4 |
| 4.2 toerusting vir onderwysstudente vir buitemuurse aktiwiteite; | 6 | 9,5 | 10 | 15,9 | 4 | 6,3 | 30 | 47,6 | 13 | 20.7 |
| 4.3 opleiding vir die leiersrol wat onder-wysers soms in gemeenskappe speel; | 5 | 7,9 | 5 | 7,9 | 1 | 1,6 | 29 | 46 | 23 | 36.6 |
| 4.4 multikulturele opleiding van onderwysstudente vir hul taak in gemengde skole; | 5 | 7,9 | 4 | 6,1 | 5 | 7,9 | 19 | 30,2 | 30 | 47.9 |
| 4.5 advies aan praktiserende onderwysers met betrekking tot media en onderrig-strategieë; | 5 | 7,9 | 3 | 4,8 | 8 | 12,7 | 27 | 42,9 | 20 | 31.7 |
| 4.6 indiensopleiding van praktiserende onderwysers, dus 'n opleidingsentrum; | 5 | 7,9 | 3 | 4,8 | 3 | 4,8 | 24 | 38,1 | 28 | 44.4 |
| 4.7 om te dien as gemeenskapskollege, dus ook nieformele onderwysprogramme aan te bied. | 5 | 7,9 | 7 | 11,1 | 7 | 11,1 | 27 | 42,9 | 17 | 27 |

Die response in hierdie vraag stem in 'n hoë mate ooreen met die doelstellings van soortgelyke inrigtings in Nederland (vergelyk paragraaf 3.4.1), Engeland (vergelyk paragraaf 3.5.1), Duitsland (vergelyk paragraaf 3.6.1), Japan (vergelyk paragraaf 3.7.1) en Nigerië (vergelyk paragraaf 3.8.1) en stem ook ooreen met response ten opsigte van die visie. (Vergelyk vraag 3.) Die respondente is dus sonder twyfel van mening dat die primêre taak van die onderwyskollege is om onderwysers op te lei vir hul onderwystaak en vir buitemuurse verpligtinge. Die diens aan die gemeenskap is belangrik maar vervul 'n sekondêre rol. Die response kan waarskynlik ook verstaan word in die lig daarvan dat dit die huidige rol van onderwyskolleges in Suid-Afrika is. (Vergelyk paragrawe 4.4.3.3 en 4.4.3.7.)

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

Een respondent spreek die vrees uit dat onderwyskolleges in hul rol as gemeenskapskolleges op daardie gebied sal kompeteer met tegniese kolleges. 'n Ander som die doelstelling van 'n onderwyskollege só op: "Train students to become transformative intellectuals and to strive towards a South African culture".

TABEL 5.5

Magte van BEDINGING

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 5.1 Status quo moet gehandhaaf word. | 4 | 63 | 31 | 49,3 | 13 | 20,6 | 10 | 15,9 | 5 | 7,9 |
| 5.2 Vorm 'n homogene kollege-sektor. | 3 | 4,8 | 5 | 7,9 | 5 | 7,9 | 14 | 22,2 | 36 | 57,2 |
| 5.3 Vorm saam met universiteite en technikons 'n tersiêre sektor (AUT word AUTO). | 3 | 4,8 | 8 | 12,7 | 15 | 23,8 | 15 | 23,8 | 22 | 34,9 |
| 5.4 Onderwyskolleges moet geheel-en-al sluit. | 5 | 7,9 | 49 | 77,8 | 6 | 9,5 | 2 | 3,2 | 1 | 1,6 |

### 5.3.5 Magte van bedinging

Bykans die helfte (49,3%) van die respondente het besliste ontevredenheid met die *status quo* (vergelyk vraag 5.1) laat blyk. Wanneer die twee groepe instemmende response by die mening dat onderwyskolleges 'n afsonderlike kollegesektor moet vorm (vraag 5.2) bymekaargetel word, word die beduidende persentasie van 79,4% gekry. 'n Groot groep (77,8%) het hulle teen die sluiting van onderwyskolleges uitgespreek. (Vergelyk vraag 5.4.)

'n Besliste ontevredenheid met die huidige magte van bedinging en 'n behoefte aan 'n eie fokus vir onderwyskolleges, blyk dus hieruit. Die bevinding in die literatuur ten opsigte van die verwarring in en ongelukkigheid met die verdeelde beheer oor onderwyskolleges, en die behoefte aan groter outonomiteit (vergelyk paragraaf 4.4) is deur die response op hierdie vraag bevestig. Die behoefte om in 'n groter mate as tersiêre inrigtings erken te word, word bevestig deur die positiewe response op vrae 5.2 - 79,3% en 5.3 - 58,7%. Die behoefte in Suid-Afrika, soos blyk uit die literatuurstudie en die terugvoering van respondente, volg dus die patroon in die vyf buitelandse onderwysstelsels, naamlik om onderwyskolleges as volwaardige inrigtings te erken met die meegaande groter mate van outonomiteit.

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

"Daar moet 'n aparte fokus vir onderwyskolleges gevestig word."

TABEL 5.6

**BEHEER oor onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 6.1 Een nasionale onderwysdepartement. | 7 | 11,0 | 26 | 41,3 | 8 | 12,7 | 11 | 17,5 | 11 | 17,5 |
| 6.2 Streekonderwysdepartemente. | 5 | 7,9 | 17 | 27,0 | 7 | 11,1 | 22 | 35 | 12 | 19 |
| 6.3 Universiteite beheer onderwyskolleges - word institute van betrokke universiteit. | 4 | 6,3 | 28 | 44,5 | 10 | 15,9 | 16 | 25,4 | 5 | 7,9 |
| 6.4 Onderwyskolleges volkome selfstandig. | 3 | 4,8 | 5 | 7,9 | 10 | 15,9 | 30 | 47,6 | 15 | 23,8 |
| 6.5 Onderwyskolleges werk in streekverband saam en word so beheer. | 6 | 9,5 | 2 | 3,2 | 9 | 14,3 | 32 | 50,8 | 14 | 22,2 |
| 6.6 Onderwyskolleges sluit geheel-en-al. | 6 | 9,5 | 49 | 77,8 | 5 | 7,9 | 3 | 4,8 | 0 | 0 |
| 6.7 Sluit 'n ooreenkoms vir samewerking met 'n universiteit. | 5 | 7,9 | 24 | 38,2 | 15 | 23,8 | 13 | 20,6 | 6 | 9,5 |

### 5.3.6 Beheer oor onderwyskolleges

Die daarstelling van een nasionale onderwysdepartement, waardeur onderwyskolleges beheer behoort te word (vraag 6.1), is deur direkteure van onderwys aanvaar (60%), terwyl rektore van onderwyskolleges ietwat verdeeld was daaroor, naamlik 45% wat saamgestem het en 40% wat nie positief gereageer het nie. (Vergelyk tabel 5.6.1.)

**TABEL 5.6.1**
**Responsanalise van belangegroepe by vraag 6.1**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 40% | 15% | 20% | 25% |
| Dekane | 50% | 12,5% | 12,5% | 25% |
| Direkteure | 20% | 20% | 60% | 0 |
| Verenigings | 50% | 0 | 50% | 0 |
| Politici | 57,1% | 0 | 14,3% | 28,6% |

Dit blyk dat 'n groot groep respondente (73%) van mening is dat die werksaamhede van onderwyskolleges deur 'n streeks-adviesraad gekoördineer behoort te word. (Vergelyk vraag 6.5.) Die opsie om as 'n Instituut of Skool vir Opvoedkunde by 'n universiteit in te skakel (vraag 6.3), is met 44% afgekeur. Dekane van opvoedkunde aan universiteite was die enigste sektor wat oorwegend positief (77,8%) gereageer het op hierdie vraag. (Vergelyk tabel 5.6.2.)

**TABEL 5.6.2**
**Responsanalise van belangegroepe by vraag 6.3**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 47,6% | 19% | 23,8% | 9,5% |
| Dekane | 11,1% | 11,1% | 55,6% | 22,2% |
| Direkteure | 60% | 20% | 20% | 0 |
| Verenigings | 50% | 0 | 50% | 0 |
| Politici | 62,5% | 25% | 12,5% | 0 |

Verder is 71.4% van die respondente ten gunste van volkome bestuurselfstandigheid. (Vergelyk vraag 6.4.) Die terminering van onderwyskolleges is weereens met 'n meerderheid van 77,8% verwerp.

Die response op hierdie vraag moet veral in die lig van die voorafgaande vraag begryp word, waarin die mening uitgespreek is dat die onderwyskollege as tersiêre onderwysinrigting met groter outonomiteit erken moet word. Dit blyk dus dat die mening is dat onderwyskolleges met groter outonomiteit en met die streeksgrondslag as koördineringsbasis, moet funksioneer. Dit is egter wel teenstrydig met die bevindinge in die vyf buitelandse onderwysstelsels, waar outonomiteit wel bestaan, maar duidelike bande met ander tersiêre instansies gesmee word. (Vergelyk paragraaf 3.9.2.)

TABEL 5.7

**DETERMINANTE wat voortbestaan of sluiting van onderwyskolleges bepaal**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 7.1 Heersende polities staatkundige situasie. | 5 | 7,9 | 10 | 15,9 | 9 | 14,3 | 26 | 41,3 | 13 | 20,6 |
| 7.2 Kulturele samestelling van gemeenskap. | 6 | 9,5 | 8 | 12,7 | 6 | 9,5 | 31 | 49,3 | 12 | 19 |
| 7.3 Demografiese neigings. | 5 | 7,9 | 1 | 1,6 | 6 | 9,5 | 32 | 50,8 | 19 | 30,2 |
| 7.4 Landsekonomie. | 6 | 9,5 | 2 | 3,2 | 10 | 15,9 | 33 | 52,4 | 12 | 19 |
| 7.5 Wetgewing oor onderwysersopleiding. | 4 | 6,3 | 3 | 4,8 | 1 | 1,6 | 38 | 60,3 | 17 | 27 |
| 7.6 Mensekragbehoeftes van die land. | 4 | 6,3 | 4 | 6,3 | 7 | 11,1 | 25 | 39,8 | 23 | 36,5 |
| 7.7 Standaard van sekondêre onderwys. | 7 | 11,1 | 7 | 11,1 | 7 | 11,1 | 28 | 44,5 | 14 | 22,2 |

### 5.3.7 Determinante van onderwyskollege

Wetgewing insake algemene onderwysbeleid blyk vir die oorgrote meerderheid (87,3%) van die respondente een van die belangrikste determinante vir die voortbestaan van onderwyskolleges te wees. Daarnaas volg demografiese faktore (81%) en die land se mensekragbehoeftes (76,2%). Die landsekonomie (71,4%) en die kulturele samestelling van die teikengroep (68,3%) speel 'n ondergeskikte rol. Die polities staatkundige situasie in die land (61,9%) en die standaard van sekondêre onderwys (66,6%) is blykbaar ook nie so belangrik geag nie.

Uit die reponse blyk weereens dat dit belangrik is dat die onsekerheid ten opsigte van beheer en die rol van die onderwyskollege in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel (vergelyk paragraaf 4.4) uit die weggeruim word. Dié response word dus duidelik deur die huidige situasie waarin onderwyskolleges hulleself bevind, bepaal. Dit blyk ook dat die respondente deeglik onder die indruk is van die invloed wat die demografiese neigings, kulturele samestelling en mensekragbehoeftes van die land uitoefen op die plek en taak wat aan onderwyskolleges toegeken moet word. Dit bevestig die tendense wat in die vyf buitelandse onderwysstelsels waargeneem is. (Vergelyk paragraaf 3.9.1.)

TABEL 5.8

**FINANSIERING van Onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 8.1 Staat finansier onderwyskolleges. | 2 | 3,2 | 23 | 36,5 | 7 | 11,1 | 20 | 31,7 | 11 | 17,5 |
| 8.2 Staat verskaf slegs personeelsala-risse. | 4 | 6,3 | 29 | 46 | 6 | 9,5 | 16 | 25,5 | 8 | 12,7 |
| 8.3 Onderwyskolleges moet fondse self genereer. | 4 | 6,3 | 45 | 71,5 | 2 | 3,2 | 6 | 9,5 | 6 | 9,5 |
| 8.4 Alle onderwyskolleges sluit. | 4 | 6,3 | 49 | 77,9 | 5 | 7,9 | 5 | 7,9 | 0 | 0 |

### 5.3.8 Finansiering van onderwyskolleges

Finansiering van onderwyskollegeopleiding blyk steeds 'n probleem te wees. 'n Interessante bevinding is die bykans gelykopverdeling tussen positiewe en negatiewe response by die eerste twee vrae. Hoewel 62,5% van die betrokke dekane van opvoedkunde byvoorbeeld saamgestem het dat die totale begroting van onderwyskolleges deur die staat hanteer moet word (vraag 8.1), het alle verteenwoordigers van onderwysersverenigings (100%) glad nie saamgestem nie. (Vergelyk tabel 5.8.1.)

**TABEL 5.8.1**
**Responsanalise van belangegroepe by vraag 8.1**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 30,4% | 13% | 39,1% | 17,4% |
| Dekane | 37,5% | 0 | 37,5% | 25% |
| Direkteure | 60% | 20% | 20% | 0 |
| Verenigings | 100% | 0 | 0 | 0 |
| Politici | 37,5% | 12,5% | 25% | 25% |

Die opsie dat onderwyskolleges alle fondse self moet genereer (vraag 8.3) is deur 71,5% van die respondente as totaal onwerkbaar verwerp terwyl sluiting van onderwyskolleges (vraag 8.4) weereens met 77,9% afgekeur is. Die afleiding kan dus gemaak word dat daar 'n balans tussen staatsfinansiering en eie voorsiening van fondse gemaak moet word. Ook moet die buitelandse les in ag geneem word waarvolgens groter samewerking tussen inrigtings vir tersiêre onderwys, in die Suid-Afrikaanse konteks universiteite, onderwyskolleges en technikons, tot groter finansiële haalbaarheid aanleiding gegee het. (Vergelyk paragraaf 3.9.2.)

**TABEL 5.9**

**TEIKENGROEP van onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 9.1 Studente word oor die hele land gewerf. | 3 | 4,8 | 17 | 27 | 3 | 4,7 | 19 | 30,2 | 21 | 33,3 |
| 9.2 Moet slegs uit die omgewing gewerf word. | 2 | 3,2 | 32 | 50,8 | 10 | 15,9 | 14 | 22,2 | 5 | 7,9 |
| 9.3 Studente slegs uit een kultuurgroep gewerf. | 3 | 4,8 | 51 | 81 | 3 | 4,7 | 2 | 3,2 | 4 | 6,3 |
| 9.4 Studente uit enige kultuurgroep gewerf. | 2 | 3,2 | 5 | 7,9 | 3 | 4,8 | 22 | 34,9 | 31 | 49,2 |
| 9.5 Hoofsaaklik uit een kultuurgroep, maar aangevul deur ander kultuurgroepe. | 3 | 4,8 | 33 | 52,4 | 10 | 15,9 | 11 | 17,5 | 6 | 9,4 |
| 9.6 Onderwyskolleges sluit. | 4 | 6,3 | 53 | 84,1 | 5 | 7,9 | 1 | 1,6 | 0 | 0 |

### 5.3.9 Teikengroep van 'n onderwyskollege

Ten opsigte van die kultuurverbondenheid van die teikengroep het respondente hulle sterk uitgespreek (81%) teen monokulturele samestelling (vraag 9.3) terwyl 84,1% positief gereageer het op die moontlikheid van multikulturele studentegemeenskappe. (Vergelyk vraag 9.4.) Vraag 9.5 wat multikulturalisme wel voorstaan, maar een kultuurgroep by 'n bepaalde onderwyskollege in 'n dominante posisie plaas, is ingesluit op grond daarvan dat monokulturalisme by onderwyskolleges in Suid-Afrika (vergelyk paragrawe 4.4.1 en 4.4.3.1) 'n interne determinant van historiese aard (vergelyk paragraaf 2.4.1.4) is. Selfs teenoor dié moontlikheid, hoewel ander kulture tog aanvullend tot die dominante een aanvaar sou word, was 52,4% van die respondente negatief ingestel. Hierdie reaksie kan waarskynlik verklaar word in die lig van die feit dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel tot onlangs op 'n rassegrondslag verdeel was (vergelyk paragraaf 4.4.1) en die wanpersepsie dat die ongelyke verdeling van fondse in die onderwys (vergelyk paragraaf 4.5.1) te wyte was aan 'n poging om een kultuurgroep te bevoordeel. Wat die geografiese herkoms van studente betref, toon response geen besliste tendens nie (9.1 en 9.2). By hierdie vraag is 'n baie sterk reaksie (84,2%) teen die sluiting van onderwyskolleges waar te neem.

**TABEL 5.10**
**STERK PUNTE van onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 10.1 Opleiding aan klein groepe. | 5 | 7,9 | 2 | 3,2 | 7 | 11,1 | 27 | 42,9 | 22 | 34,9 |
| 10.2 Goed gekwalifiseerde personeel. | 2 | 3,2 | 3 | 4,8 | 5 | 7,9 | 19 | 30,2 | 34 | 53,9 |
| 10.3 Geografiese verspreiding van instansies. | 2 | 3,2 | 5 | 7,9 | 5 | 7,9 | 29 | 46 | 22 | 35 |
| 10.4 Praktiese onderwys. | 1 | 1,6 | 0 | 0 | 1 | 1,6 | 25 | 39,7 | 36 | 57,1 |
| 10.5 Monokulturele opleiding. | 2 | 3,1 | 41 | 65,1 | 10 | 15,9 | 7 | 11,1 | 3 | 4,8 |
| 10.6 Kontak met ander kultuurgroepe. | 0 | 0 | 3 | 4,8 | 5 | 7,9 | 24 | 38,1 | 31 | 49,2 |
| 10.7 Veelsydige opleiding (ook buite-muurs). | 1 | 1,6 | 1 | 1,6 | 3 | 4,8 | 30 | 47,6 | 28 | 44,4 |
| 10.8 Samewerking met ander tersiêre instansies. | 2 | 3,1 | 3 | 4,8 | 9 | 14,3 | 22 | 34,9 | 27 | 42,9 |
| 10.9 Slegs preprimêre en primêre opleiding. | 2 | 3,2 | 20 | 31,7 | 8 | 12,7 | 9 | 14,3 | 24 | 38,1 |
| 10.10 Inskerping van gemeenskaplike waardes oor etniese grense heen. | 2 | 3,2 | 5 | 7,9 | 5 | 7,9 | 22 | 35 | 29 | 46 |

### 5.3.10 Sterk punte van 'n onderwyskollege

Sterk punte van 'n onderwyskollege word, vir die doeleindes van hierdie ondersoek, op grond van die geheel van response, in die volgende orde geplaas:

1. Praktiese onderwys (vraag 10.4) waar studente met die werklike situasie, soos die praktyk dit vereis, te doen kry ('n totaal van 96,8% positiewe response).
2. Veelsydige opleiding (vraag 10.7), akademies en buitemuurs (sport en kultureel) (92%).
3. Kontak met ander kultuurgroepe gedurende die studenteloopbaan (vraag 10.6 - 87,3%).
4. Goed gekwalifiseerde personeel (vraag 10.2 - 84,1%).
5. Geografiese verspreiding van onderwyskolleges tot in verafgeleë plattelandse gebiede (vraag 10.3 - 81%).
6. Inskerping van gemeenskaplike waardes oor kultuurgrense heen (vraag 10.10 - 81%).
7. Samewerking met ander tersiêre instansies (vraag 10.8 - 78,8%).
8. Kleingroepopleiding (vraag 10.1 - 77,8%).
9. Spesialisering in preprimêre en primêre onderwys (vraag 10.9 - 52,4%).
10. Monokulturele onderwysersopleiding (vraag 10.5) is met 'n totaal van 81% verwerp.

Voorafgenoemde aspekte is waarkynlik as sterk punte deur alle respondente aanvaar op grond daarvan dat dit tans by Suid-Afrikaanse instansies vir onderwysersopleiding suksesvol funksioneer. (Vergelyk paragraaf 4.4.3.) Dit korreleer egter ook in groot mate met bevindinge uit die literatuurstudie wat ten opsigte van onderwyskolleges in vyf ander lande onderneem is. (Vergelyk paragraaf 3.9.) In Duitsland veral word praktiese onderwys ook hoog aangeskryf, in só 'n mate dat die tweede helfte van die periode van onderwysersopleiding aan die sogenaamde *Refendarzeit* gewy word. (Vergelyk paragraaf 3.6.4.) Veelsydige opleiding en kontak met ander kulture geniet ook hoë prioriteit, soos geïllustreer in die

uitruiling van tot 5000 Japannese onderwysstudente met dié van ander lande. (Vergelyk paragraaf 3.7.4.)

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

Die mening dat alle onderwysersopleiding slegs aan onderwyskolleges moet geskied, is weereens uitgespreek. 'n Verdere opmerking lui soos volg: "There is a strong case for also training teachers for secondary schools at Colleges of Education."

### 5.3.11 Swak punte van onderwyskolleges

(Tabel op volgende bladsy.)
Uit tabel 5.11 (vergelyk vraag 11.4) kan afgelei word dat die tradisionele verdeling van die Suid-Afrikaaanse onderwysstelsel in 13 verskillende onderwysdepartemente op 'n rassegrondslag (vergelyk ook paragraaf 4.4.1) as die swakste punt (77,7%), wat die realisering van doelstellings belemmer, beskou word. Dit bevestig die afleiding wat na aanleiding van die response op vraag 9.5 gemaak is (vergelyk die interpretering van response by vraag 9), naamlik dat die opvatting bestaan dat bogenoemde verdeling van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel een bevolkingsgroep bevoordeel het. Daarbenewens stem 69,8% (vergelyk vraag 11.1) van die respondente beslis of in 'n mate saam dat daar 'n persepsie by die algemene publiek bestaan dat onderwyskolleges minderwaardige onderwysersopleiding verskaf omdat kandidate nie aan dieselfde akademiese standaarde vir toelating hoef te voldoen nie.

TABEL 5.11

**SWAK PUNTE van onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 11.1 Persepsie dat onderwyskolleges swakker opleiding bied. | 1 | 1,6 | 13 | 20,6 | 5 | 7,9 | 32 | 50,8 | 12 | 19 |
| 11.2 Doserende personeel nie genoegsaam gekwalifiseer. | 2 | 3,2 | 30 | 47,6 | 8 | 12,7 | 14 | 22,2 | 9 | 14,3 |
| 11.3 Gebrek aan finansies. | 1 | 1,6 | 20 | 31,7 | 8 | 12,7 | 23 | 36,5 | 11 | 17,5 |
| 11.4 Verdeling van onderwys in Suid-Afrika op rassegrondslag in 13 departemente. | 1 | 1,6 | 5 | 7,9 | 8 | 12,7 | 20 | 31,7 | 29 | 46 |
| 11.5 Geen samewerking met ander instansies. | 2 | 3,2 | 12 | 19 | 9 | 14,3 | 33 | 52,4 | 7 | 11,1 |
| 11.6 Slegs preprimêre en primêre opleiding. | 2 | 3,2 | 30 | 47,6 | 10 | 15,9 | 15 | 23,8 | 6 | 9,5 |

'n Soortgelyke persepsie, naamlik dat die opleiding aan onderwyskolleges minderwaardig is, het in Engeland bestaan. (Vergelyk paragraaf 3.5.2.3.) Dit het daartoe gelei dat die standaard van onderwysersopleiding aan onderwyskolleges in daardie land in só 'n mate verhoog is (vergelyk paragraaf 3.5.3) dat alle onderwyskollegeopleiding in Engeland tans ook op die verwerwing van 'n graad uitloop. (Vergelyk paragraaf 3.5.4.) 'n Beduidende getal (47,6%) respondente stem glad nie saam dat dit vir onderwyskolleges 'n swak punt is dat onderwysersopleiding in meeste gevalle slegs vir die preprimêre of primêre onderwysfases oplei nie (vergelyk vraag 11.6) of dat onderwyskollegedosente nie genoegsaam gekwalifiseerd is nie (47,6% - vraag 11.2). Daar is nie algemene eenstemmigheid (positief óf negatief) by die respondente in verband met finansies as belemmerende faktor (vraag 11.3) nie. Indien die response per sektor ontleed word, word gevind dat rektore van onderwyskolleges (73,9%), verteenwoordigers van politieke partye (55%) en dekane van opvoedkunde (55,5%) saamstem dat finansies onvoldoende is, terwyl direkteure van onderwys (60%) nie daarmee saamstem nie. (Vergelyk tabel 5.11.1.)

**TABEL 5.11.1**
**Responsanalise van belangegroepe - vraag 11.3**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 17,4% | 8,7% | 47,8% | 26,1% |
| Dekane | 22,2% | 22,2% | 44,4% | 11,1% |
| Direkteure | 60% | 20% | 20% | 0 |
| Verenigings | 0 | 50% | 0 | 50% |
| Politici | 44,4% | 0 | 44,4% | 11,1% |

**TABEL 5.12**
**GELEENTHEDE vir onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 12.1 Nieformele onderwysprogramme aan die gemeenskap (gemeenskapskollege). | 3 | 4,8 | 3 | 4,7 | 2 | 3,2 | 31 | 49,2 | 24 | 38,1 |
| 12.2 Studente uit verskeie kultuuragtergronde. | 2 | 3,2 | 1 | 1,5 | 1 | 1,6 | 25 | 39,7 | 34 | 54 |
| 12.3 Indiensopleidingsprogramme aan ondergekwalifiseerde onderwysers. | 1 | 1,6 | 0 | 0 | 1 | 1,6 | 20 | 31,7 | 41 | 65,1 |
| 12.4 Afstandsonderrigprogramme aan ondergekwalifiseerde onderwysers. | 1 | 1,6 | 2 | 3,2 | 6 | 9,5 | 20 | 31,7 | 34 | 54 |
| 12.5 Internskapjaar voor finale afstudering. | 0 | 0 | 8 | 12,7 | 10 | 15,9 | 20 | 31,7 | 25 | 39,7 |
| 12.6 Samewerking met ander instansies. | 4 | 6,3 | 0 | 0 | 3 | 4,8 | 25 | 39,7 | 31 | 49,2 |

### 5.3.12 Geleenthede vir onderwyskolleges

Al die punte wat as geleenthede (om doelstellings nog beter te verwesenlik) aan respondente voorgehou is, is oorweldigend positief ontvang. Eerstens stem 'n baie groot groep (96,8%) in 'n mate of beslis saam (vraag 12.3) dat onderwyskolleges indiensopleidingsprogramme as geleentheid moet benut om praktiserende onderwysers se kwalifikasies te verbeter. Daarnaas sien byna net so 'n groot groep (93,7%) die uitbreiding van die teikengroep (om studente uit alle kultuurgroepe toe te laat - vraag 12.2) as 'n geleentheid wat verder benut kan word. Die items samewerking met ander tersiêre instansies (vraag 12.6), gemeenskapsdiens deur nie-formele onderwysprogramme (vraag 12.1) en afstandsonderrig aan onderwysers (vraag 12.4) het al drie bykans ewe veel steun (tussen 86% en 89%) ontvang. Die instelling van 'n internskapjaar met gelyktydige afstandsonderrigprogramme, waardeur instituutopleiding ingekort kan word (soos in vraag 12.5 gestel), het relatief minder steun (71,4%) ontvang.

Die populariteit van die opsie by respondente dat alle onderwyskolleges indiensopleidingsprogramme as geleentheid moet beskou, kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar in sommige onderwysgemeenskappe in Suid-Afrika heelwat ondergekwalifiseerde onderwysers is. (Vergelyk paragrawe 4.5.1 en 4.5.4.) Nigerië is die enigste ander land waar sodanige programme, na die instelling van algemene verpligte onderwys op primêre skoolvlak, geïmplementeer is. Moontlike redes vir die voorkeur aan multikulturele onderwys is reeds gegee. (Vergelyk interpretering van response by vraag 9.)

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

"Internship should be part of teacher training, shortage or not" (verwysende na 12.5), in teenstelling met: "Internship is fraught with too many negative factors."

**TABEL 5.13**
**BEDREIGINGS vir onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 13.1 Multikulturele onderwysersoplei-ding. | 2 | 3,2 | 39 | 61,9 | 6 | 9,5 | 8. | 12,7 | 8 | 12,7 |
| 13.2 Rasionalisasieprogramme. | 1 | 1,5 | 9 | 14,3 | 10 | 15,9 | 18 | 28,6 | 25 | 39,7 |
| 13.3 Gebrek aan wetgewing en algemene beleid oor onderwysersopleiding. | 1 | 1,6 | 9 | 14,3 | 9 | 14,3 | 24 | 38,1 | 20 | 31,7 |
| 13.4 Grondwetlike herskikkings. | 3 | 4,8 | 10 | 15,9 | 9 | 14,3 | 29 | 46 | 12 | 19 |
| 13.5 Onverdraagsaamheid tussen kultuurgroepe. | 1 | 1,6 | 7 | 11,1 | 9 | 14,3 | 29 | 46 | 17 | 27 |
| 13.6 Geen samewerking met ander instansies. | 2 | 3,2 | 6 | 9,5 | 12 | 19 | 34 | 54 | 9 | 14,3 |
| 13.7 Sluiting van onderwyskolleges. | 3 | 4,8 | 12 | 19 | 6 | 9,5 | 14 | 22,2 | 28 | 44,5 |

### 5.3.13 Bedreigings vir onderwyskolleges

'n Aansienlike groep respondente (61,9%) stem nie saam dat multikulturele onderwysersopleiding 'n bedreiging is nie (vraag 13.1). Onverdraagsaamheid teenoor ander kultuurgroepe - 73% (vraag 13.5), rasionalisasiemaatreëls - 68,3% (vraag 13.2), gebrek aan samewerking met ander tersiêre instansies -68,3% (vraag 13.6) en onsekerhede vanweë grondwetlike herskikkings in die land - 65% (vraag 13.4), is egter wel faktore wat in daardie volgorde van negatiewe invloed doeltreffende funksionering van onderwyskolleges kan bedreig. Die deurlopende aanvaarding van multikulturalisme word weer bevestig.

Wat egter by die response op hierdie vraag as ietwat kontroversieel getipeer kan word, is dat rasionalisasieprogramme as 'n bedreiging beskou word. Hierteenoor word staatsfinansiering en hegter samewerking (of samesmelting) met ander tersiêre instansies waardeur rasionalisasie waarskynlik in 'n mate afgeweer kan word deur sommige sektore van die respondente verwerp. (Vergelyk response by vrae 6 en 8, veral tabel 5.8.1.) In sommige ander lande is rasionalisasie juis verhoed deur sodanige hegter samewerking met byvoorbeeld universiteite, soos in die geval van Engeland (vergelyk paragraaf 3.5.2 en 3.9.2) en Nederland (vergelyk paragraaf 3.4.2) en selfs samesmelting tussen twee soorte tersiêre onderwysinstansies, soos in die geval van Duitsland waar die *Gesamthochschulen* na samesmelting tussen onderwyskolleges en tegniese kolleges ontstaan het. (Vergelyk paragraaf 3.6.2.)

TABEL 5.14

**Beoordeel die VOORTBESTAAN van onderwyskolleges aan die hand van die volgende moontlikhede**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 14.1 Onderwyskolleges behoort as afsonderlike instansies voort te bestaan. | 3 | 4,8 | 5 | 7,0 | 3 | 4,8 | 22 | 35,4 | 30 | 48 |
| 14.2 Onderwyskolleges kan met behoud van identiteit as institute aan universiteite koppel. | 2 | 3,2 | 9 | 14,3 | 6 | 9,5 | 25 | 39,7 | 21 | 33,3 |
| 14.3 Kan volledig deur ander tersiêre instansies opgeneem word. | 4 | 6,3 | 53 | 84,2 | 5 | 7,9 | 1 | 1,6 | 0 | 0 |

### 5.3.14 Samevatting - voortbestaan teenoor sluiting

Alle verdere vrae handel oor die funksionering van onderwyskolleges. 'n Skeiding was nodig omdat dit nie sinvol sou wees om respondente, wat terminering van onderwyskolleges in die huidige formaat voorstaan, se mening verder in te win nie. By verre die meerderheid respondente (84,1%) is nie van mening (by vraag 14.3) dat sodanige sluiting moet plaasvind nie. Verder stem 82,5% saam (beslis of in 'n mate) dat onderwyskolleges selfstandig moet voortbestaan (vraag 14.1), en 73% dat onderwyskolleges, met behoud van hul identiteit, as instituut aan 'n ander tersiêre instansie verbonde kan wees.

Die meerderheid respondente sien dus 'n bepaalde plek en taak vir onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

TABEL 5.15

**PERSONEEL van onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 15.1 Dieselfde kultuurgroep as studente. | 3 | 4,8 | 47 | 74,6 | 5 | 7,9 | 6 | 9,5 | 2 | 3,2 |
| 15.2 Kan op grond van bekwaamheid, byvoorbeeld Afrika-tale uit 'n ander groep kom. | 3 | 4,7 | 6 | 9,5 | 3 | 4,8 | 19 | 30,2 | 32 | 50,8 |
| 15.3 Doelbewus uit ander kultuurgroepe geneem. | 4 | 6,3 | 23 | 36,5 | 10 | 15,9 | 18 | 28,6 | 8 | 12,7 |
| 15.4 Moet in Afrikaans en Engels kan onderrig. | 3 | 4,8 | 21 | 33,3 | 7 | 11,1 | 11 | 17,5 | 21 | 33,3 |
| 15.5 Moet besoeke van superintendente ontvang. | 2 | 3,2 | 40 | 63,5 | 5 | 7,9 | 7 | 11,1 | 9 | 14,3 |

### 5.3.15 Personeel van onderwyskolleges

Wat die kultuur van die personeelkorps van 'n onderwyskollege betref, is daar 'n duidelike korrelasie tussen dié wat monokulturele samestelling **teenstaan** (74,6% - vraag 15.1) en dié wat multikulturele samestelling **voorstaan** (81% -vraag 15.2). Wat die doelbewuste kultuurvermenging van dosente betref (vraag 15.3) het slegs direkteure (60%) en politici (50%) daarteen gestem, soos dit sal blyk uit tabel 5.15.1.

**TABEL 5.15.1**
**Responsanalise van belangegroepe (vraag 15.3)**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 22,7% | 22,7% | 40,9% | 13,6% |
| Dekane | 33,3% | 11.1% | 44,4% | 11.1% |
| Direkteure | 60% | 40% | 0 | 0 |
| Verenigings | 0 | 100% | 0 | 100% |
| Politici | 50% | 12,5% | 12,5% | 25% |

In verband met die taalbevoegdheid van dosente (vraag 15.4) was daar 'n redelike eweredige verspreiding response maar met die instelling van besoeke van superintendente aan onderwyskolleges (vraag 15.5) stem 63,5% respondente nie saam nie en was die verteenwoordigers van onderwysersverenigings en die politici die enigste twee sektore wat in dié verband positief gestem het. (vergelyk tabel 5.15.2).

**TABEL 5.15.2**
**Responsanalise van belangegroepe (vraag 15.5)**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 87% | 4,3% | 0 | 8,7% |
| Dekane | 44,4% | 22,2% | 11,1% | 22,2% |
| Direkteure | 40% | 20% | 40% | 0 |
| Verenigings | 33,3% | 0 | 33,3% | 33,3% |
| Politici | 50% | 12,5% | 12,5% | 25% |

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

Een respondent stel die volgende eis ten opsigte van die personeel van onderwyskolleges: "Proficiency in at least one other African language." Drie respondente het **kontak** tussen superintendente en onderwyskollegedosente voorgestaan, maar nie "inspeksie" in die ou sin van die woord nie.

**TABEL 5.16**

**STUDENTE van onderwyskolleges**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 16.1 Behoort van beide geslagte te wees. | 2 | 3,2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 12 | 19 | 49 | 77,8 |
| 16.2 Afsonderlike onderwyskolleges vir mans en dames. | 2 | 3,2 | 60 | 95,2 | 0 | 0 | 1 | 1,6 | 0 | 0 |
| 16.3 Minstens senior sertifikaat as voorwaarde vir toelating. | 3 | 4,8 | 28 | 44,4 | 6 | 9,5 | 17 | 27 | 9 | 14,3 |
| 16.4 Minstens twee vakke op hoër graad, waarvan een 'n taal moet wees. | 2 | 3,2 | 8 | 12,7 | 7 | 11,1 | 21 | 33,3 | 25 | 39,7 |
| 16.5 Slegs standerd agt vir voornemende kandidate in pre-primêre en primêre werk. | 5 | 7,9 | 44 | 69,9 | 5 | 7,9 | 7 | 11,1 | 12 | 3,2 |
| 16.6 Enige praktiserende onderwyser toegelaat. | 3 | 4,8 | 23 | 36,5 | 7 | 11,1 | 17 | 27 | 13 | 20,6 |

### 5.3.16 Studente van onderwyskolleges

Daar blyk weereens 'n verband tussen respondente wat onderwyskolleges vir beide geslagte **voorstaan** (96,8% - vraag 16.1) en dié wat afsonderlike inrigtings vir mans en dames **beslis teenstaan** (95,2% by vraag 16.2). Baie van die respondente (69,9%) is gekant teen die verlaging van die toelatingsvereiste (slegs vir voornemende studente in preprimêre en junior primêre onderwys) na standerd agt, selfs nie eers vir die uitsluitlike doel om die tekort aan leerkragte met enige tersiêre kwalifikasie in dié groepe, te verlig nie. (Vergelyk vraag 16.5 in bylaag 2 vir volledige formulering van vraag.) In antwoord op vraag 16.3 was dit slegs by die verteenwoordigers van politieke partye waar 'n meerderheidstem ten gunste van toelating tot onderwyskolleges op grond van bloot die senior sertifikaat aangeteken was. (Vergelyk tabel 5.16.1.)

**TABEL 5.16.1**
**Responsanalise van belangegroepe (vraag 16.3)**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 56,5% | 8,7% | 26,1% | 8,7% |
| Dekane | 22,2% | 33,3% | 22,2% | 22,2% |
| Direkteure | 80% | 20% | 0 | 0 |
| Verenigings | 100% | 0 | 0 | 0 |
| Politici | 25% | 0 | 37,5% | 37,5% |

'n Beduidende groep (73%) was ten gunste van die toepassing van 'n hoër toelatingsvereiste as bloot die besit van 'n senior sertifikaat, soos dit in vraag 16.4 gevra is. Die onvoorwaardelike toelating van praktiserende onderwysers sonder tersiêre kwalifikasies (vraag 16.6) is een aspek van die studente van 'n onderwyskollege ten opsigte

waarvan daar 'n gelyke verdeling tussen positiewe en negatiewe response was. In dié geval het die response van die items "stem glad nie saam" en "onseker" presies dieselfde totaal as die "stem saam" en "stem beslis saam" items gegee, naamlik 47,6%.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat respondente gekant is teen 'n stelsel van laer toelatingsvereistes, soos dit (as noodmaatreël) in Nigerië die geval is, om 'n tekort aan onderwysers die hoof te bied. (Vergelyk paragraaf 3.8.3.) Wat as ietwat verbasend beskou kan word is dat die teenkanting teen verlaging van toelatingsvereistes met die wete geskied dat daar in sekere Suid-Afrikaanse onderwysgemeenskappe ook 'n tekort aan toereikend gekwalifiseerde onderwysers bestaan. (Vergelyk paragrawe 4.3.3; 4.5.1 en 4.5.4.)

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

Een opmerking lui dat die aanvaarding van 'n sogenaamde "oupa-matriek" tog 'n aanvaarde beginsel is, maar dat minstens ses jaar onderwyservaring vereis moet word.

TABEL 5.17

**OPLEIDINGSPROGRAMME aan onderwyskolleges**



| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 17.1 Preprimêre, primêre én sekondêre kursus. | 2 | 3,6 | 8 | 12,7 | 4 | 6,3 | 19 | 30,2 | 30 | 47,6 |
| 17.2 Slegs preprimêre en primêre kursusse, met sekondêre kursusse slegs aan universiteite. | 4 | 6,3 | 34 | 54 | 10 | 15,9 | 9 | 14,3 | 6 | 9,5 |
| 17.3 Hoofsaaklik preprimêre en primêre kursusse, sekondêre kursus slegs by uitsondering. | 4 | 6,3 | 25 | 39,7 | 9 | 14,3 | 19 | 30,2 | 6 | 9,5 |
| 17.4 Onderworpe aan akkkreditering deur 'n universiteit, alle onderwysersopleiding slegs aan onderwyskolleges. | 2 | 3,2 | 10 | 15,9 | 9 | 14,3 | 18 | 28,6 | 24 | 38,6 |

### 5.3.17 Opleidingsprogramme aan onderwyskolleges

Uit tabel 5.17 blyk duidelik dat heelwat meer respondente (77,8%) ten gunste daarvan is dat sekondêre onderwys-studente ook aan onderwyskolleges opgelei moet word (vraag 17.1), as dié wat van mening is (23,8%) dat dit slegs by universiteite tuishoort (vraag 17.2). By hierdie laasgenoemde vraag het slegs dekane van opvoedkunde oorwegend positief gestem soos wat uit tabel 5.17.1 afgelei kan word.

**TABEL 5.17.1**
**Responsanalise van belangegroepe (vraag 17.2)**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 73,9% | 21,7% | 0 | 4,3% |
| Dekane | 37,5% | 0 | 25% | 37,5% |
| Direkteure | 40% | 20% | 20% | 20% |
| Verenigings | 50% | 0 | 0 | 50% |
| Politici | 75% | 0 | 25% | 0 |

Die beperking van sodanige sekondêre onderwysersopleiding tot slegs sekere onderwyskolleges op grond van akkreditering deur 'n universiteit (vraag 17.4), is deur 'n verdere 67,2% respondente voorgestaan. Of die staat vooraf toestemming moet gee vir die instelling van sekondêre kursusse aan onderwyskolleges (vraag 17.3), is nie met eenstemmigheid aanvaar nie. Rektore van onderwyskolleges (54,4%) en onderwyswoordvoerders van politieke partye (62,5%) was die enigste twee groepe wat dit teëgestaan het. (Vergelyk tabel 5.17.2.)

**Tabel 5.17.2**
**Responsanalise van belangegroepe (vraag 17.3)**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 54,5% | 18,2% | 22,9% | 4,5% |
| Dekane | 11,1% | 0 | 22,2% | 66,7% |
| Direkteure | 20% | 0 | 60% | 20% |
| Verenigings | 25% | 0 | 25% | 50% |
| Politici | 62,5% | 12,5% | 12,5% | 12,5% |

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die respondente hulle nie vereenselwig met die bevindinge van die destydse Gericke-kommissie se ondersoek na blanke onderwys nie, waarvolgens alle sekondêre onderwysersopleiding slegs aan universiteite sou geskied, soos beliggaam in Wet 37 van 1969. (Vergelyk paragrawe 4.3.3 en 4.4.1.) Uit die literatuurstudie is dit ook duidelik dat sekondêre onderwysersopleiding in die betrokke buitelandse onderwysstelsels (met die uitsondering van Nigerië) ook aan onderwyskolleges geskied. (Vergelyk paragrawe 3.4.2; 3.5.2; 3.6.2 en 3.7.2.)

TABEL 5.18

**Beoordeel die volgende MOONTLIKHEDE, benewens formele onderwysersopleiding**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 18.1 Instelling van internskap met inkorting van instituutopleiding. | 1 | 1,6 | 6 | 9,5 | 7 | 11,1 | 26 | 41,3 | 23 | 36,5 |
| 18.2 Opleiding in multikulturele onderwys. | 4 | 6,3 | 2 | 3,1 | 3 | 4,8 | 19 | 30,2 | 35 | 55,6 |
| 18.3 Brugkursusse aan voornemende onderwysstudente met onvoldoende toetreekennis. | 4 | 6,3 | 3 | 4,8 | 8 | 12,7 | 24 | 38,1 | 24 | 38,1 |
| 18.4 Dienslewering aan die gemeenskap deur nieformele onderwysprogramme. | 3 | 4,7 | 3 | 4,8 | 3 | 4,8 | 32 | 50,8 | 22 | 34,9 |

### 5.3.18 Ander aspekte van opleidingsprogramme

Ander aspekte in verband met onderwysersopleidingsprogramme, soos in die vraelys uiteengesit, is almal positief aanvaar en kan op grond van al die response in die volgende orde geplaas word:

1. Opleidingsprogramme in multikulturele onderwys (vraag 18.2 - 85,8%);
2. gemeenskapsdiens deur nie-formele onderwys (vraag 18.4 - 85,7%);
3. afstandsonderrig aan internskapstudente (vraag 18.1 - 77,8%), en
4. brugkursus aan voornemende studente met onvoldoende skoolverlatingskwalifikasies (vraag 18.3 - 76,2%).

Die wenslikheid van multikulturele onderwysprogramme is reeds volledig bespreek. (Vergelyk interpretasie van response by vraag 9.) Daar is in die literatuurstudie van soortgelyke inrigtings in die vyf ander lande (vergelyk hoofstuk 3) oor die algemeen geen aanduidings van nieformele onderwysaksies wat op die gemeenskap gerig is, gevind nie. Die Charlotte Mason College in Engeland, waar jaarliks kort kursusse in nywerheids- en gemeenskapsbestuur aangebied word (vergelyk paragraaf 3.5.5), kan as uitsonderlik beskou word. In Suid-Afrika word die gemeenskapskollege-idee, as moontlike uitbreiding van die funksie van onderwyskolleges, uit sommige oorde voorgestaan. (Vergelyk paragraaf 4.5.4 en 6.3.3.1.)

TABEL 5.19

TAALBELEID van onderwyskolleges

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 19.1 Onderwyskollege kies self voertaal. | 4 | 6,3 | 5 | 7,9 | 7 | 11,1 | 22 | 34,9 | 25 | 39,8 |
| 19.2 Dubbelmedium aanbieding (twee lesings). | 5 | 7,9 | 35 | 55,6 | 9 | 14,3 | 8 | 12,7 | 6 | 9,5 |
| 19.3 Tweetalige lesings (gelyktydig). | 5 | 7,9 | 21 | 33,3 | 10 | 15,9 | 17 | 27 | 10 | 15,9 |
| 19.4 Studente binne bepaalde streek moet in taal van hul keuse opleiding kan ontvang. | 6 | 9,5 | 8 | 12,7 | 14 | 22,2 | 24 | 38,1 | 11 | 17,5 |

### 5.3.19 Taalbeleid van 'n onderwyskollege

Met die opsie dat elke onderwyskollege kursusse in die voertaal van sy keuse aanbied (vraag 19.1), stem 74,7% van die respondente beslis of in 'n mate saam. By vraag 19.2 het 55,6% van die respondente glad nie saamgestem dat lesings aan Afrikaanse onderwyskolleges ook in Engels aangebied moet word nie. Direkteure van onderwys was egter die enigste groep waarvan 80% ten gunste van 'n dubbelmediumtaalbeleid was. (Vergelyk tabel 5.19.1.)

**Tabel 5.19.1**
**Responsanalise van belangegroepe (vraag 19.2)**

| GROEP | STEM NIE SAAM | ONSEKER | STEM IN 'N MATE SAAM | STEM BESLIS SAAM |
|---|---|---|---|---|
| Rektore | 71,4% | 19% | 4,8% | 4,8% |
| Dekane | 66,7% | 11,1% | 22,2% | 0 |
| Direkteure | 20% | 0 | 60% | 20% |
| Verenigings | 50% | 25% | 25% | 0 |
| Politici | 50% | 25% | 0 | 25% |

Van die vyf lande waarvan 'n literatuurstudie onderneem is, lewer taal slegs in Nigerië vanweë multi-etnisiteit soos in Suid-Afrika, probleme wat onderrigmedium betref. (Vergelyk paragrawe 3.8.2 en 3.8.4.) Aan Suid-Afrikaanse onderwyskolleges kan ook taal, net soos kultuur, as 'n interne determinant van historiese aard beskou word. (Vergelyk paragraaf 2.4.1.4.) Die lank gevestigde gebruik van een taal as onderrigmedium by sommige onderwyskolleges, en hier word veral na Afrikaanse instansies verwys (vergelyk paragraaf 4.4.3.1), gaan waarskynlik daartoe lei dat sodanige instansies nie dadelik met die instelling van multikulturalisme vir enige student toeganklik gaan wees nie. Algehele multikulturalisme aan alle onderwyskolleges in

Suid-Afrika sal dus onder andere deur die taalvaardigheid van voornemende onderwysstudente bepaal word.

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

"Alle *deeltydse* klasse by *alle* onderwyskolleges moet in Engels geskied."

**5.3.20 Fisiese fasiliteite**

(Tabel op volgende bladsy.)
Die rede vir die hoë koers van nulresponse wat by hierdie vraag voorkom, kan moontlik die beste saamgevat word in die kommentaar van een van die respondente: "Al hierdie aspekte van fisiese fasiliteite is ooglopend belangrik." Daar was dan ook geen oorwegend negatiewe standpunte by enige van hierdie vrae nie. Die volgende orde van aspekte van die fisiese fasiliteite aan onderwyskolleges wat aandag verdien, is gegrond op 'n samevatting van die persentasies response 3 en 4 by dié ses vrae:

1. Biblioteekgeriewe (82,5%);
2. onderwystegnologiese hulpmiddels (77,8%);
3. toestand van lesinglokale (68,3%);
4. getal lesinglokale (66,7%);
5. sportgeriewe (65,1%), en
6. koshuisgeriewe (63,5%).

TABEL 5.20

**Watter aspek in verband met FISIESE FASILITEITE vereis dringende aandag?**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 20.1 Toestand van lesinglokale. | 8 | 12,7 | 4 | 6,3 | 8 | 12,7 | 23 | 36,6 | 20 | 31,7 |
| 20.2 Aantal lesinglokale. | 6 | 9,5 | 5 | 7,9 | 10 | 15,9 | 25 | 39,7 | 17 | 27 |
| 20.3 Biblioteekgeriewe. | 8 | 12,7 | 0 | 0 | 3 | 4,8 | 16 | 25,4 | 36 | 57,1 |
| 20.4 Sportgeriewe. | 7 | 11,1 | 7 | 11,1 | 8 | 12,7 | 27 | 42,9 | 14 | 22,2 |
| 20.5 Onderwystegnologiese hulpmiddels. | 7 | 11,1 | 2 | 3,2 | 5 | 7,9 | 25 | 39,7 | 26 | 38,1 |
| 20.6 Koshuisgeriewe. | 7 | 11,1 | 9 | 14,3 | 7 | 11,1 | 30 | 47,6 | 10 | 15,9 |

Die standaard van fisiese fasiliteite verskil aansienlik tussen onderwyskolleges. Die feit dat respondente prioriteit verleen aan fisiese fasiliteite wat standaard van opleiding kan verbeter, is waarskynlik daaraan toe te skryf dat sodanige geriewe by sommige onderwyskolleges onvoldoende is. (Vergelyk paragraaf 5.3.3.) In die staatkundige bedeling wat tot April 1994 gegeld het, was sommige regeringsdienste in kleiner voormalige selfregerende gebiede verplig om onderwyskolleges op verafgeleë plattelandse gebiede te stig ten einde enigsins primêre onderwysersopleiding te verskaf. (Vergelyk paragrawe 4.5.4 en 4.4.3.1.) Fisiese fasiliteite is in sulke omstandighede nie altyd na wense nie.

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

Een respondent is van mening dat: "Residence facilities could be taken out of college control and be privatised."

**TABEL 5.21**

**Watter ONDERSTEUNINGSDIENSTE behoort by onderwyskolleges gelewer te word?**

| VRAAG | Nul | | Stem nie saam nie | | Onseker | | Stem in 'n mate saam | | Stem beslis saam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | f | % | f | % | f | % | f | % | f | % |
| 21.1 Biblioteek- en inligtingsdiens. | 2 | 3,1 | 0 | 0 | 2 | 3,2 | 17 | 27,0 | 42 | 66,7 |
| 21.2 Sport- en ontspanningsgeriewe. | 3 | 4,8 | 2 | 3,1 | 5 | 7,9 | 27 | 42,9 | 26 | 41,3 |
| 21.3 'n Sielkundige en voorligtingsdiens. | 3 | 4,8 | 2 | 3,2 | 4 | 6,3 | 24 | 38,1 | 30 | 47,6 |
| 21.4 'n Navorsingsdiens. | 4 | 6,3 | 3 | 4,8 | 3 | 4,8 | 29 | 46 | 24 | 38,1 |
| 21.5 'n Openbare skakelafdeling. | 4 | 6,3 | 0 | 0 | 11 | 17,5 | 23 | 36,5 | 25 | 39,7 |

### 5.3.21 Ondersteuningsdienste aan 'n onderwyskollege

93,7% van alle respondente stem in 'n mate of beslis saam dat onderwyskolleges oor 'n biblioteek as ondersteuningsdiens moet beskik. 'n Voorligtingsdiens, sportgeriewe, 'n navorsings- en openbare skakelafdeling het in daardie volgorde ook 'n wisselende mate van steun (van 76,2% tot 85,7%) geniet.

Uit die inligting wat van een tipiese onderwysersopleidingsinstansie in vier van die vyf ander lande bekom is, (vergelyk paragrawe 3.4.5; 3.5.5; 3.6.5 en 3.7.5) blyk dit dat ondersteuningsdienste wat aan buitelandse onderwyskolleges voorsien word, in 'n groot mate met dié aan Suid-Afrikaanse onderwyskolleges ooreenstem. (Vergelyk paragraaf 4.4.4.)

VERDERE OPMERKINGS DEUR RESPONDENTE

Drie sinvolle opmerkings het na vore gekom:

* "Gesentraliseerde voorsiening van ondersteuningsdienste kan kostebesparend wees."
* "No need to recruit students - thousands too many apply."
* " 'n Invorderingsdiens vir agterstallige klas- en losiesgelde word benodig."

## 5.4 INLIGTING UIT AFDELING C VAN VRAELYS

Afdeling C van die vraelys het slegs op onderwyskolleges betrekking en is slegs deur onderwyskollege-rektore voltooi. Aangesien ook nie alle vraelyste wat aan onderwyskolleges uitgestuur was, terug ontvang is nie (vergelyk tabel 5.1), kon hierdie inligting nie gebruik word om statistiek in verband met leerders en onderriggewers weer te gee nie. (Vergelyk tabelle 4.1; 4.2; 4.3; 4.4; 4.5 en 4.6.) Ander insiggewende inligting kan egter daaruit afgelei word en word vervolgens kortliks gerapporteer.
Van die 31 onderwyskollegerespondente het 23 aangedui dat jaarliks meer as 1000 persone aansoek doen om toelating tot die eerste

studiejaar en in een geval tot soveel as 8000. Van die oorblywende 8 kry 3 jaarliks tussen 400 en 1000 aansoeke en 5 minder as 400. Hierdeur word die bestaan van besondere opleidingsbehoeftes in sommige gemeenskappe geïllustreer, wat ooreenstem met die bevindinge in verband met demografie (vergelyk paragraaf 4.5.4) en aanbevelings in verband met opleidingsbehoeftes van die teikengroep. (Vergelyk paragraaf 6.3.2.4.)

Getalle en kwalifikasies van doserende personeel wissel vanaf een instansie waar 200 dosente op die personeel is, waarvan 91 slegs 'n onderwysdiploma en 3 doktorsgrade besit, tot 'n ander instansie waar slegs 22 dosente op die personeel is, waarvan die hoogste kwalifikasie 'n Honneursgraad is.

Die medium van onderrig is by 3 onderwyskolleges Afrikaans, by 20 Engels en 8 is tweetalig, naamlik Afrikaans én Engels.

Die frekwensie van response op afdeling c van die vraelys word in tabel 5.22 en 5.23 op die volgende bladsy gegee.

**TABEL 5.22**
**Fisiese fasiliteite**

| VRAAG | | FREKWENSIE |
|---|---|---|
| Beskik oor 'n mikroönderwys lokaal | | 19 |
| Toegeruste rekenaarsentrum | | 19 |
| Taallaboratorium | | 10 |
| Algemene toestand van lesinglokale - | goed | 14 |
| | gemiddeld | 6 |
| | swak | 11 |
| Getal lesinglokale - | voldoende | 18 |
| | te min | 12 |
| | te veel | 1 |
| Toestand van tegnologiese onderwysmiddele - | goed | 14 |
| | aanvaarbaar | 14 |
| | swak | 6 |

**TABEL 5.23**
**Ondersteuningsdienste by onderwyskolleges**

| DIENS | FREKWENSIE |
|---|---|
| Sielkundige en voorligtingsdiens | 10 |
| Navorsingsdiens | 1 |
| Openbare skakelafdeling | 6 |
| Studentewerwing | 11 |
| Fondsinsameling | 11 |

## 5.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan die empiriese ondersoek. Die navorsingsontwerp, wat die beskrywing van die posvraelys as meetinstrument insluit, is voorgehou sowel as die konstruksie daarvan. Die samestelling van die populasie is beskryf. Daarna is oorgegaan tot die rapportering van ingesamelde data, 'n statistiese ontleding van die response en die interpretering daarvan sowel as die vermelding van enkele relevante opmerkings.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan 'n scenario vir die plek en taak van onderwyskolleges in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.